NG Kerk Lyttelton-Oos
Van Riebeecklaan 228 • Lyttelton-Oos • ✉ 14575 • Lyttelton • 0140
Webwerf: www.lytteltonoos.org.za • E-pos adres: ngk@lytteltonoos.org.za

Vakature: Voltydse Leraar

Sluitingsdatum: 10 Desember

In biddende afhanklikheid van die Here stel ons die pos aan belangstellende Proponente en Leraars bekend.

Gemeenteprofiel:

NG Lyttelton-Oos is `n stadsgemeente in Lyttelton, Centurion (Pretoria omgewing). Die Gemeente bestaan tans uit ongeveer 147 Dooplidmate en 507 Belydende lidmate.

Die Gemeente kan die beste beskryf word as ‘n Geloofsgesin wat deel is van die liefdevolle, lewegewende en heelmakende beweging van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees in die wêreld. Hy roep ons om “*dissipels te wees wat vrugte dra tot eer van die Vader.*” God maak ons sy dissipels deur ons te **roep**, ons te **versamel**, ons te **rig**, ons te **vorm** en ons uit te **stuur**. In hierdie proses beleef ons dat die Here ons betrek by dit wat Hy doen en rig ons graag die aktiwiteite van die gemeente daarvolgens in.

Leraars profiel:

Die Kerkraad sal besondere waarde heg aan ’n persoon wat:

- In spanverband kan funksioneer.
- `n Fokus het op lidmaatbemagtiging.
- `n Fokus het op persoonlike Pastorale versorging.
- `n Sterk Missionale- en Koninkryksfokus het.
- Skrifgetroue prediking, wat aktueel van aard is.
- Uitvoering van pligte volgens artikel 9 van die Kerkorde.
- Betrokke wees en betrokkenheid bewerkstellig by Gemeentelede.
- Moet konfliksituasies goed kan hanteer.

Vergoeding:

`n Vergoedingspakket op sinodale skaal sal met die kandidaat onderhandel word. Die opsie van `n pastorie of `n behuisingstoelaag is onderhandelbaar.

Aansoeke:

Indien u sou belangstel in die pos, stuur asseblief ’n verkorte CV met ten minste twee referente voor 10 Desember 2017 aan die epos-adres hieronder. Onderhoude met kortlys kandidate sal by die kerk plaasvind. Kandidate wat die kortlys haal sal verder die geleentheid kry om ’n preekbeurt waar te neem.

Vir verdere inligting kontak:

Administratiewe Bestuurder Madelaine Steyn
Tel: 012 664 4458
[09h00 tot 13h00 weeksdae]

Kerkraad Voorsitter Tian Dry
082 320 6477
[09h00 tot 16h00 weeksdae]

Web tuiste: www.lytteltonoos.org.za

CV’s kan gestuur word na E-pos: aansoek@lytteltonoos.org.za

Die Kerkraadraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.